

# What does an incrementally developed neighbourhood look like?

# Hoe lyk 'n woonbuurt wat inkrementeel ontwikkel?

The South African government wants informal settlements to be upgraded to improve the living conditions of residents. It talks about upgrading as an incremental process, where the development of the settlement takes place over time. Because water, sanitation, electricity and roads are so important to human well-being and dignity, the provision of basic infrastructure is usually prioritised. But transforming informal settlements into proper neighbourhoods is a bigger, and more ambitious task.

We believe that informal settlement upgrading is key to addressing poverty and inequality. We also believe that residents need to have a voice in deciding on the future of their settlement and in prioritising actions that will support the gradual development of their neighbourhood. What is important to one community may be less important to another. It is therefore important to have conversations within communities and with government about what the settlement will develop into, and what the incremental process is to realise that vision.

This booklet and the video clip 'What does an incrementally developed neighbourhood look like' was made possible by Comic Relief.

**Watch video via QR code**



Die Suid-Afrikaanse regering wil informele nedersettings opgradeer om die lewensomstandighede van inwoners te verbeter. Die regering praat van opgradering as 'n inkrementele proses - die ontwikkeling van die nedersetting vind met ander woorde oor tyd plaas. Aangesien water, sanitasie, elektrisiteit en paaie so belangrik is vir welstand en menswaardigheid, word die voorsiening van basiese infrastruktuur gewoonlik as 'n prioriteit beskou. Maar om informele nedersettings in behoorlike woonbuurte te omskep, is 'n groter en meer ambisieuse taak.


Ons glo dat die opgradering van informele nedersettings van kardinale belang is om armoede en ongelykheid aan te spreek. Verder glo ons dat inwoners 'n sê moet hê in besluite oor die toekoms van hul nedersettings en om aksies te prioritiseer wat die geleidelike ontwikkeling van hul woonbuurt ondersteun. Wat belangrik is vir een gemeenskap is dalk van minder belang vir 'n ander gemeenskap. Gevolglik is dit belangrik om gesprekke oor die aard van die uiteindelike nedersetting, asook die inkrementele proses wat gevolg moet word om hierdie visie te realiseer, binne gemeenskappe en met die regering te voer.


Hierdie boekie en die video clip 'Hoe lyk 'n inkrementeel ontwikkelde woonbuurt' is moontlik gemaak deur Comic Relief.


**Watch video via QR code**


We envisage
a future where . . .
Ons voorsien 'n toekoms waar . . .
Informality remains a long-term feature of the municipal landscape
Informaliteit 'n langtermyneienskap van die munisipale landskap
As settlements embark on their own trajectories
Is namate nedersettings hul eie ontwikkelingstrajekte





Towards dignified, dynamic and inclusive neighbourhoods.
Na waardige, dinamiese en inklusiewe woonbuurte volg.
Dignified
Dynamic
Inclusive
Settlements improve incrementally,
Nedersettings verbeter inkrementeel
As and when households and government are able to unlock resources,
Soos wat huishoudings en die regering hulpbronne beskikbaar stel
Bus station
R100
Sports field
In line with a clearly negotiated vision and plan of the 'neighbourhood in becoming'.
In ooreenstemming met 'n duidelik onderhandelde visie en plan van die 'woonbuurt-in-wording'.


SIGNIFICANT PUBLIC INVESTMENT IS DIRECTED TOWARDS
'N BEDUIDENDE HOEVEELHEID OPENBARE BELEGGINGS WORD NA
THE PUBLIC REALM TO SUPPORT DIGNITY, HEALTH, SAFETY AND LIVELIHOODS.
DIE OPENBARE SFEER GEKANALISEER OM WAARDIGHEID, GESONDHEID, VEILIGHEID EN LEWENSBESTAAN TE ONDERSTEUN.
DIGNITY
HEALTH
R100
R100
R100
R100
SAFETY
LIVELIHOODS
ESSENTIAL SERVICES, ROAD INFRASTRUCTURE, TAXI RANKS...
NOODSAAKLIKE DIENSTE, PADINFRASTRUKTUUR, TAXISTAANPLEKKE...
TAXI


PUBLIC SPACES AND SOCIAL FACILITIES...
OPENBARE RUIMTES EN SOSIALE GERIEWE...
CLINIC
DEFINE THE QUALITY OF THE LIVING ENVIRONMENT, WITH HOUSEHOLDS
BEPAAL DIE GEHALTE VAN DIE OMGEWING WAARIN DAAR GELEEF WORD, MET HUISHOUDINGS



ASSURED OF THEIR RIGHT TO STAY AND BUILD
THROUGH SUITABLE TENURE SECURITY MODALITIES.
WAT VAN HUL REG OM TE BLY EN TE BOU
VERSEKER IS DEUR GESKIKTE EIENDOMSREGSEKURITEITMODALITEITE.
THE GRADUAL PROGRESSION TOWARDS GREATER TENURE SECURITY DOES NOT NECESSARILY RESULT IN FREEHOLD TITLE.
DIE GELEIDELIKE VOORUITGANG NA BETER EIENDOMSREGSEKURITEIT WAARBORG NIE NOODWENDIG EIENDOMSBESIT NIE.
FREEHOLD TITLE
OCCUPATION CERTIFICATE
COMMUNAL LAND RIGHTS
ZONING
3A
3B

THE RIGHT TO STAY AND THE RIGHT TO BUILD DO NOT REQUIRE INDIVIDUAL LAND OWNERSHIP.
DIE REG OM TE BLY EN DIE REG OM TE BOU VEREIS NIE INDIVIDUELE GRONDEIENAARSKAP NIE.
E23
013B
002B
12A
13A
14A
EMERGING NEIGHBOURHOODS COMBINE FORMAL AND INFORMAL ELEMENTS.
ONTLUIKENDE WOONBUURTE KOMBINEER FORMELE EN INFORMELE ELEMENTE.
DAY CARE CENTRE
SCHOOL


A VARIETY OF HOUSING SOLUTIONS ARE ON OFFER, WITH A STRONG BIAS TOWARDS EPHP AND INCREMENTAL HOUSING.

'N VERSKEIDENHEID BEHUISINGOPLOSSINGS WORD AANGEBIED, MET 'N STERK KLEM OP EPHP EN INKREMENTELE BEHUISING.




THROUGH ZONING, LAND USE APPROVAL, PLANNING APPROVAL, TEMPLATES FOR BUILDING PLANS, FINANCIAL AND OTHER TECHNICAL SUPPORT,

DEUR MIDDEL VAN SONERING, GOEDKEURING VAN GRONDGEBRUIK, KONSEPTE VIR BOUPLANNE, FINANSIËLE EN ANDER TEGNIESE BYSTAND, ONDERSTEUN MUNISIPALITEITE




MUNICIPALITIES SUPPORT SELF-BUILD AND INCENTIVISE A LOCAL CONSTRUCTION SECTOR.

SELFBOU EN MOEDIG HULLE DIE PLAASLIKE KONSTRUKSIESEKTOR AAN.






MANY RESIDENTS USE THEIR PLOTS AND SHELTER TO GENERATE A LIVELIHOOD AND SERVICE TO THEIR COMMUNITY.

BAIE INWONERS GEBRUIK HUL ERWE EN SKUILINGS OM 'N BESTAAN TE VOER EN 'N DIENS AAN HUL GEMEENSKAP TE BIED.




Spaza shops, crèches, tailors, hairdresser salons, safe shebeens, churches, mosques and rental accommodation all contribute to the vibrancy of the neighbourhood.

Spazawinkels, crèches, kleremakers, haarsalonne, veilige sjebeens, kerke, moskees en huurhuisvesting dra alles by tot die dinamiek van die woonbuurt.




While some regulation of these activities may exist, municipalities will have simple and responsive systems.

Alhoewel hierdie aktiwiteite soms gereguleer kan word, sal munisipaliteite eenvoudige en aanpasbare stelsels hê.





After all, the primary interest is to address poverty


Die primêre belang is immers om armoede aan te spreek




and strengthen livelihood opportunities.

en meer geleenthede te skep om 'n bestaan te voer.








As neighbourhoods develop over time, they are better integrated into the overall spatial fabric of the municipality.

Namate woonbuurte ontwikkel, is hulle beter geïntegreer met die ruimtelike samestelling van die munisipaliteit.



Physical and virtual pathways are created towards adjacent neighbourhoods and centres of economic opportunity.
Fisiese en virtuele paaie word geskep na aangrensende woonbuurte en sentra van ekonomiese geleenthede.
R100
R100
$
$


CLAREMONT
MOWBRAY
TAXI
Taxi ranks and bus stops, provided for at an early stage of neighbourhood development



Taxistaanplekke en bushaltes wat vroeg gedurende die ontwikkeling van die woonbuurt voorsien word,
BUS STOPS


SPAZA
VRUGTE
are important transport hubs and connect residents to local entrepreneurs and food markets.
is belangrike vervoersentrums wat inwoners, plaaslike entrepreneurs en voedselmarkte bymekaarbring.

Throughout, communities are actively involved in the development of their neighbourhoods as enumerators, planners, monitors, negotiators, labourers and more.




Gemeenskappe is deurentyd aktief betrokke by die ontwikkeling van hul woonbuurte as sensusopnemers, beplanners, monitors, onderhandelaars, arbeiders en meer.




The municipality has invested significantly in its capacity to be engaged and responsive,





Die munisipaliteit het aansienlik belê in sy vermoë om betrokke en aanpasbaar te wees,




To drive implementation, and to assemble resources and partnerships with other stakeholders.

Om implementering aan te vuur, en om hulpbronne en vennootskappe met ander belanghebbendes byeen te bring.



The municipality has also invested in monitoring, evaluation and learning to improve its performance.

Die munisipaliteit het ook belê in die monitering, evaluasie en voortdurende verbetering van sy werkverrigting.



# HOW DO YOU SEE THE TRANSFORMATION OF INFORMAL SETTLEMENTS UNFOLDING?




## HOE SIEN JY DIE TRANSFORMASIE VAN INFORMELE NEDERSETTINGS ONTVOU?

# Notes/Notas



www.sasdialliance.org.za/about/corc

www.dag.org.za

www.habitat.org.za

www.isandla.org.za

www.peoplesenvironmentalplanning.org.za

www.ubu.bz

www.vpuu.org.za

Designed by Anotherlove Productions
www.anotherloveproductions.co.za